# BIngHons Bedryfsingenieurswese (12240012)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 128 |

## Programinligting

Die leergang word in oorleg met die betrokke departementshoofde bepaal. 'n Student moet in modules met 'n totaal van minstens 128 krediete slaag.

Die graad word slegs op grond van eksamens toegeken.

## Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies Reg. G.1.3 en G.54, word 'n BIng-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie vir toelating vereis.

## Ander programspesifieke inligting

‘n Geskikte boeket van 8 modules moet met die samewerking van die Departementshoof saamgestel word om te pas by een van die volgende spesialiseringsgebiede:

- Hulpmiddeloptimisering (HO)
- Voorsieningskanaalingenieurswese (VI)
- Besigheidsprosesbestuur (BPB)

Bedryfsingenieurs word nie toegelaat om meer as 2 toepaslike modules uit ander departement te neem nie.

Nie-Bedryfsingenieurs word nie toegelaat om meer as 1 toepaslike module uit ander departement te neem nie.

'n Maksimum van 3 goedgekeurde modules mag van ander departemente gekies word.

## Eksamens en slaagvereistes

i. Die eksamen in elke module wat die student volg, word in die eerste normale eksamentydperk na afsluiting van klasse (dit wil sê Oktober/November of Mei/Junie) afgeneem.
ii. 'n Student vir die honneursgraad moet sy of haar studie in die geval van voltydse studente binne twee jaar, en in die geval van na-uurse studente, binne drie jaar na eerste registrasie vir die graad voltooi, met dien verstande dat die Dekaan, op aanbeveling van die departementshoof, in buitengewone omstandighede 'n vasgestelde beperkte verlenging van die tydperk kan goedkeur.
iii. 'n Student moet in elke module minstens 50% in die eksamen behaal waar 'n semester- of jaarpunt nie vereis word nie. 'n Module mag net een maal herhaal word.
iv. In gevalle waar daar wel 'n semester- of jaarpunt toegeken word, word 'n minimum eksamenpunt van 40% en 'n finale punt van 50% vereis.
v. Geen her- of spesiale eksamens word op nagraadse vlak toegestaan nie.

## Slaag met lof

'n Student slaag met lof as hy of sy 'n geweegde gemiddelde van minstens 75% behaal het in die eerste 128 krediete waarvoor geregistreer is (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit). Indien die student enige module druip (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit), kan die graad nie met lof behaal word nie.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 128**

BCS 780 is a compulsory module.

BCS 780 is 'n verpligte module.

## Kernmodules

Ondernemingsontwerp en navorsingsmetodes 781 (BBA 781) - Krediete: 32.00
Bedryfs- en sisteemingenieurswese navorsing 780 (BCS 780) - Krediete: 32.00
Gehaltebestuur 780 (BGH 780) - Krediete: 16.00
Voorsieningskanaalprosesse 781 (BLK 781) - Krediete: 16.00
Vervaardigingsbeplanning en -beheersisteme 782 (BPZ 782) - Krediete: 32.00
Betroubaarheidsingenieurswese 780 (BTH 780) - Krediete: 16.00
Simulasiemodellering 780 (BUY 780) - Krediete: 32.00
Voorsieningskanaalontwerp 780 (BVK 780) - Krediete: 16.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.